NUUSBRIEF 27 VAN 2026

*13 Augustus 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:



### GROETE AAN AL DIE RYNIE HUISGESINNE!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



**Snerpende koue** het ons hierdie week getref, kort voor Septembermaand en die lenteseisoen. Hopelik is dit die laaste stuiptrekke van die winter! Alhoewel temperature gestyg het na die koue doen ons ‘n beroep op ouers om toe te sien dat hulle kind/ers warm aangetrek is. Soos elke jaar weet ons daar is altyd laat winterkoue, selfs tot vroeg in Septembermaand.



Ons sal later in die nuusbrief kommunikeer van wanneer af die leerders somersdrag dra. Gewoonlik is dit vanaf middel September. Bly asseblief warm!

Een van die kleuterskole in ons omgewing het onlangs nuwe eienaars gekry en ons wens hulle alle sterkte toe. Dit blyk dat die kleuterskool onder die naam **“Rynieland Kampus”** gaan funksioneer. Ons wys ouers net daarop dat Laerskool Rynfield geen ooreenkoms of affiliasie met die betrokke kleuterskool het nie en dat hierdie kleuterskool heeltemal apart en privaat van Laerskool Rynfield funksioneer.



Die **toetsreeks** het vandag vir die Gr. 7 leerders begin en Dinsdag 18 Augustus begin dit vir die Gr. 4-6 leerders. Berei deeglik/vroegtydig voor en vra betyds as daar enige onduidelikhede is. Na hierdie week is daar nog 6 weke van die kwartaal oor. **Tyd staan vir niemand stil nie en verlore tyd kan nie teruggedraai word nie. Benut dus elke oomblik ten volle en maak die beste daarvan!**

NUUSBRIEF 27 VAN 2026 *13 Augustus 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LANDLOOP: NOORDVAAL-KAMPIOENSKAPPE

Met groot waardering vir die harde werk, toewyding en entoesiasme van ons landloopatlete, wil ons u graag meedeel dat ons skool **nie vanjaar aan die Noordvaal-landloopkampioenskappe sal deelneem nie**.

Die besluit is geneem weens die huidige **Dorpsliga-program**, waar die **Greater Benoni- en D17-wedlope** kort na mekaar plaasvind. Die opeenvolgende datums plaas groot druk op ons leerders, veral wat betref reis, voorbereiding, herstel en die algemene balans van hul skool- en sportverpligtinge.

## LANDLOOPLIGA 2

***Verwys asseblief na Nuusbrief 26 vir meer inligting rakende Landloopliga 2.***






**NEEM ASSEBLIEF KENNIS**
**VERTREKTYE BY SKOOL:**

**JUNIOR** landloopleerders kan 12:45 afgehaal word. Daar sal slegs **een** afkondiging gemaak word om die leerders ontvangs toe te roep.

**SENIOR** landloopleerders vertrek direk na skool (geen afkondigings).

## EKURHULENI SKOOLSKUTTERSUNIE



Baie geluk aan Danzelle Opperman met haar uitnemende prestasies. Sy het by liga 6 silwer ontvang. Sy het ook haar provinsiële klere ontvang en die SA span gehaal vir 2026. Ons wens haar alle sterkte toe vir die SA Kompetisie wat in die volgende skoolvakansie in Bloemfontein plaasvind.

## WISKUNDE OLIMPIADE



Nico van der Westhuizen en Luther du Randt in graad 7 het verlede Vrydag deelgeneem aan die distrik Wiskunde olimpiade. Hulle het onderskeidelik 1ste plek en 10de plek behaal. Baie geluk aan hierdie twee leerders! Ons is trotse Rynies!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## KRIEKET



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## HOKKIE











# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## DELL’ARTE SOLOSANG

Sterkte aan al ons solosang-maats wat die week deelneem. Ons weet hoeveel ure se oefening en toewyding hierin gesit is. Hou noot en sing met selfvertroue – ons is trots op julle!

## KOOR EN DELL’ARTE KOORFEES

Dié Vrydag, **14de Augustus** is dit tyd vir Dell’Arte se koorfees hier by Laerskool Rynfield. Hou asb die Whatsapp koorgroepe dop vir informsie.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| L/S Rynfield | Kleuterkoor | 14-Aug | 14:15-15:30 | L/S Rynfield |
| L/S Concordia | Kleuterkoor | 14-Aug | 14:15-15:30 | L/S Rynfield |
| L/S Rynfield | Laerskool Juniorkoor (Gr1-3) | 14-Aug | 14:15-15:30 | L/S Rynfield |
| L/S Concordia | Laerskool Juniorkoor (Gr1-3) | 14-Aug | 14:15-15:30 | L/S Rynfield |
| | | | | |
| L/S Die Arend | Laerskool Juniorkoor (Gr1-3) | 14-Aug | 15:45-16:30 | L/S Rynfield |
| Laer Volkskool | Laerskool Juniorkoor (Gr1-3) | 14-Aug | 15:45-16:30 | L/S Rynfield |
| L/S Baanbreker | Laerskool Juniorkoor (Gr1-3) | 14-Aug | 15:45-16:30 | L/S Rynfield |
| | | | | |
| Laer Volkskool | Laerskool Seniorkoor (Gr4-7) | 14-Aug | 17:00-18:00 | L/S Rynfield |
| L/S Elspark | Laerskool Seniorkoor (Gr4-7) | 14-Aug | 17:00-18:00 | L/S Rynfield |
| L/S Die Arend | Laerskool Seniorkoor (Gr4-7) | 14-Aug | 17:00-18:00 | L/S Rynfield |
| | | | | |
| L/S Rynfield | Laerskool Seniorkoor (Gr4-7) | 14-Aug | 18:45-19:00 | L/S Rynfield |
| L/S Goudrand Primary | Laerskool Seniorkoor (Gr4-7) | 14-Aug | 18:45-19:00 | L/S Rynfield |
| | | | | |
| H/S Die Anker | Hoërskool Sanggroep (Gr8-12) | 14-Aug | 19:15-20:00 | L/S Rynfield |
| Gekombinerede Skool Noorderlig | Hoërskoolkoor (Gr8-12) | 14-Aug | 19:15-20:00 | L/S Rynfield |
| H/S Die Anker | Hoërskoolkoor (Gr8-12) | 14-Aug | 19:15-20:00 | L/S Rynfield |

**Let wel:** Omdat Maandag ’n vakansiedag was en ons kooroefening gemis het, wil ons graag inhaal met ‘n verpligte oefening voor die kunswedstryd kompetisie:

- **Juniorkoor: Donderdag 7:00 in die Media**
- **Seniorkoor: Vrydag 7:00 in die Saal**

## SPREEKKORE

Ons spreekkore oefen steeds hard, en met die tyd wat vinnig minder word, is elke oefening nou uiters belangrik. Ons maats kan dit eenvoudig nie bekostig om oefeninge te mis nie. **Gr. 6-7 Oefen 7am op ‘n Dinsdag, sowel as Woensdae en Donderdae 2de pouse.**

Onthou asseblief van ons optrede by **Laerskool Concordia** vir die Dell’Arte kunswedstryd op **4 September.**

**Gr. 1-3. 14:30 – 15:45** **Gr. 4-5. 17:00 - 18:00** **Gr. 6-7. 18:15 – 19:45**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## INTERSKOLE REDENAARSLIGA / INTERSCHOOLS PUBLIC SPEAKING LEAGUE

Die finale lys van deelnemers wat deurgedring het na die **Nasionale rondte** is reeds beskikbaar op die webtuiste. Ons sien vreeslik uit na hierdie byeenkoms en wens ons sprekers selfvertroue en passie toe. Sien julle op **19 September by WITS!**

## PRESTASIE EN PRYSUITDELING

Ons herinner net weer ons ouers aan die versoek. Alle kultuurleeders se ouers moet asseblief ’n sakkie of lêer by die huis saamstel met **afskrifte** van u kind se **sertifikate/ uitslae (Geen oorspronklike sertifikate nie).** Hou alles netjies bymekaar en volg die nuusbrief gereeld. U sal binnekort versoek word om dit in te handig. Alle toekennings vir **kunswerke** moet asb. nou al by jou kunsjuffrou ingehandig word.

*Kultuurgroete,*
*Juf. Coffey*




*Stuur gerus enige navrae na kultuurhoof@rynfieldlaer.co.za*

## KOSKAS




**Aan elke ouer en Rynie, BAIE DANKIE vir jul ondersteuning. Ons harte en koskas is vol! Daar is nog so een of twee goedjies wat ons wil doen om mooi te maak, maar als in tyd.**






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES GOT TALENT









# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART

| | |
|---|---|
| Maandag, 17 Augustus | Toasted bacon, egg & cheese |
| Dinsdag, 18 Augustus | Hoender nuggets & chips |
| Woensdag, 19 Augustus | Hotdogs |
| Donderdag, 20 Augustus | Jaffels |
| Vrydag, 21 Augustus | Combo: Pizza, coke & chips @R50-00 |

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## FINANSIES

State word eersdaags uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.

## TOETSREEKS

Die graad 7's het vandag reeds met die toetsreeks begin. Graad 4 - 6 begin Dinsdag, 18 Augustus (sien kwartaalprogram vir datums). Maak asseblief seker dat u kind/ers hul leerwerk inpak en byderhand het. Die huiswerksessies sal ook as studietyd aangewend word.



## NASKOOL SPYSKAART

| DATUM | ETE | 15:45 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 17 Augustus | Kouevleis & slaai met rolletjies | Vrug & sap |
| Dinsdag, 18 Augustus | Herderspastei & slaaie | Vrug & sap |
| Woensdag, 19 Augustus | Tuna rolletjies | Vrug & sap |
| Donderdag, 20 Augustus | Macaroni & kaas | Vrug & sap |
| Vrydag, 21 Augustus | Broodjies met smere | Vrug & sap |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

